## PREEKWENKE

Elke predikant het sy eie wyse van preekmaak. Tog beteken dit nie dat ons nie van mekaar kan leer nie.

Onderstaande preekwenke is met die loop van jare ontwikkel en beproef en ek gee dit deur vir wat dit mag werd wees.

1. *Die voorbereiding van die preek*

1.1 Om 'n teks te vind: Maak gebruik van baie Skriflesing, lees preekbundels, teologiese boeke en hou rekening met groot gebeurtenisse. Preekreekse skakel onnodige soekery uit, maar waak teen herhaling en eentonigheid.

1.2 Begin vroeg in die week (Dinsdagmôre) werk aan die eerste preek. (Eientlik kan daar net *een* goeie preek per week gemaak word).

1.3 Doen deeglike eksegese. Gebruik hiervoor die Hebreeuse/ Griekse grondteks, goeie kommentare, teologiese woordeboeke (Kittel, Westermann ens.), verskillende Bybelvertalings. Lees die teks in sy konteks!

1.4 Raadpleeg handboeke oor die Openbaringsgeskiedenis van die OT/NT, dogmatiek ens. wat oor die teks handel.

1.5 Raadpleeg 'n paar homiletiese bronne oor die teks.

1.6 Raadpleeg preekbundels waarin die teks ter sprake kom. (Ek het vir myself hiervoor 'n *teksregister* aangelê wat dit baie maklik maak om na te slaan watter teks in watter preekbundel behandel word).

1.7 Maak deurlopend aantekeninge van die belangrikste gegewens.

1.8 Mediteer oor die gegewens.

1.9 Bid daaroor dat die Here deur Sy Gees sy Woord moet ontsluit.

1.10 Orden die aantekeninge. Soek na die hoofgedagte en newegedagtes. Die hoofgedagte is 'n samevatting van die hele preek; dit bevat self 'n boodskap en is nie bloot 'n *tema* nie. Byvoorbeeld, nié: "Die opstanding van Christus", maar wél: "Christus het opgestaan!"

1.11 Pak die geraadpleegde handboeke weg en skryf/tik die preek *volledig* uit aan die hand van die geordende aantekeninge.

1.12 Kyk algaande vir ter sake toepassings. Dink hier skerp na oor die konkrete probleme van die lidmate in die gemeente, in die land en in die wêreld.

1.13 Maak 'n kort opsomming van die preek.

1.14 Bestudeer die preek indringend. Dra dit selfs 'n paar keer hardop voor.

2. *Die voordrag van die preek*

2.1 Gee baie aandag aan die heel eerste sin wat gesê word. Dit kan onmiddellik die aandag boei of weglei.

2.2 Maak gebruik slégs van die opsomming. Dit bevorder kontak. (Die preek moet in die kop wees en nie die kop in die preek nie).

2.3 Gee aandag aan gestikulasie en artikulasie. Goeie luidsprekers is van dag eintlik onmisbaar.

2.4 Wees natuurlik en moenie aansit nie.
2.5 Kommunikeer met die lidmate.
2.6 Preek so dat kinders van twaalf jaar kan verstaan.
2.7 Hou rekening daarmee dat ook ongelowiges by geleentheid 'n erediens kan besoek (vgl. 1 Kor. 14 : 23-24).

3. *Nabetragting op die preek*

3.1 Bespreek die afloop van die preek met jou vrou en kinders.
3.2 Persoonlike gesprekke met lidmate ná die erediens is baie werd.
3.3 Sommige gemeentes het die mooi gebruik van "preekbesprekings", bv. na afloop van die aanddiens.
3.4 Preekgesprekke tydens huisbesoek is ook waardevol.
3.5 Evaluering van die preke behoort 'n vaste agendapunt op elke vergadering van ouderlinge te wees.
3.6 Die predikant moet nie kleinserig wees vir opbouende kritiek nie maar dit op so 'n wyse verwerk dat hy die Woord des te beter oorbring.

JHvW